# Resensies


- König, A. 2001. **Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie: 'n Nuwe kyk op die een wat jou lewe verander.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*J.H. van Wyk*) ........................................................................ 149
- Selderhuis, H.J. 2001. **Melanchton: zijn betekenis voor het Protestantisme; Melanchton en de Nederlanden in 16e en 17e eeuw.** Apeldoorn : Theologische Universiteit.
  (*J.H. van Wyk*) ........................................................................ 152
- Anthonissen, C. & Oberholzer, P. 2001. **Gelowig en gay? Riglyne vir 'n sinvolle dialoog met gay lidmate.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*W.C. Vergeer*) ........................................................................ 153
- De Visser, A.J. 2001. **Kyrios and Morena. The Lordship of Christ and African township Christianity.** Gezina : De Visser.
  (*L. Floor*) ........................................................................ 157
- Pieterse, H.J.C. 2001. **Prediking in 'n konteks van armoede.** Pretoria : Unisa Uitgewers.
  (*C.J.H. Venter*) ........................................................................ 159

# Resensies

**KÖNIG, A.** 2001. **Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie: 'n Nuwe kyk op die een wat jou lewe verander.** Wellington : Lux Verbi.BM. 200 p. Prys: R 61.95. ISBN 0 86997 950 7.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

Dat Jesus Christus 'n besondere persoon in die wêreldgeskiedenis was/is, staan soos 'n paal bo water. Telkens weer word sy persoon en werk aan nuwe navorsing onderwerp en telkens gee dit aanleiding tot 'n nuwe boek. König voer in sy boek aan dat "die helfte my nooit oor Jesus vertel is nie" en hy doen moeite om die persoon en werk van Jesus in nuwe lig te stel. Dit is natuurlik moontlik dat iemand oor honderd jaar weer so 'n boek sal kan skryf en selfs dán sal kan beweer dat die helfte nog nie vertel is nie. Oor Jesus Christus kan mens immers nooit uitgepraat raak nie. Trouens, tydens die "Aardklop"-bespreking (2001) van dié boek het Sakkie Spangenberg König verwyt dat hy nie voldoende kennis geneem het van die jongste navorsing oor Jesus nie en dat nog meer helftes te vertel is. Of die "Jesus-seminare" egter nuwe lig sal bring, moet nog krities beoordeel word.

In die eerste hoofstuk van sy boek wys König op 'n verskeidenheid van titels wat vir Jesus gebruik word en stel dat hy in elk geval nie alles sal kan bespreek nie. Vir my aanvoeling sou hy meer oor Jesus as Middelaar en ook meer oor die temas van versoening en regverdiging kon geskryf het. Tereg voer hy aan dat Jesus teen die agtergrond van die Ou Testament verstaan moet word (50), hoewel ook weer nie te reglynig nie (65-66).

Hoofstuk 2 behandel Jesus as hoëpriester. Die outeur oordeel dat Jesus se koms eerstens op Israel gerig was, maar dat God later sy metode verander het (28). God is sowel onveranderlik as veranderlik in sy planne (31-32). Die apokaliptiese benadering "ontwikkel" eers gedurende die ballingskap (26, 181). Tereg word aandag gevra vir die verhouding tussen die kerk en Israel (30-31).

Hoofstuk 3 bespreek Jesus as hoëpriester. Die skrywer oordeel dat die Hebreërbriefskrywer aspekte van die Ou Testament herinterpreteer vanweë sekere "inherente tekortkominge" in die Ou Testament (40). In teenstelling met die tradisioneel gereformeerde teologie (vgl. byvoorbeeld B. Wentsel, *Dogmatiek 3B*, 1991:186-189; HK 6:16) verstaan König die sondeloosheid van Jesus só dat Hy wel kón gesondig het, maar dit nooit gedoen het nie (43-44, 45, 50). Die twee-natureleer van Christus word gehandhaaf (47,128), hoewel dit vreemd klink om te sê dat Jesus God "was" (48, 43) – asof Hy dit nie altyd ís nie.

Hoofstuk 4 gee aandag aan Jesus as Messias. Die skrywer oordeel dat daar glad nie baie Messiaanse profesieë in die Ou Testament te vind is nie (53). Die Ou-Testamentiese profete het ook 'n politieke messias verwag (56, 59, 61, 68) maar Jesus het dit as foutief afgewys; Hy is dus 'n ander soort Messias as wat die Ou Testament verwag het (61) en daarom gebruik Hy ook nie die Messias-titel ten opsigte van Homself nie (65). König wys hier (68), asook op talle ander plekke in die boek (73, 99, 156,191) tereg op die wesenlike belang van die opstanding.

Hoofstuk 5 bekyk Jesus as Dienaar van die Here, waar aangevoer word dat die sterwe van Jesus (saam met sy opstanding), die hart van die evangelie uitmaak (71, 73).

Jesus as Seun van die mens word in hoofstuk 6 beskryf. Hierdie titel, wat in die Ou Testament na 'n heerlikheidsfiguur verwys, is die titel wat Jesus die graagste gebruik (93), maar dan as Seun wat sal lý (95). Terwyl in die tyd van die ballingskap die oortuiging posgevat het dat die Bose oorgeneem het (97, 187), vorm die koms van die koninkryk van God (en dus die oorwinning oor die bose magte) die sentrale tema in die prediking van Jesus en die Sinoptici (96, 98, 121). Waar die opstanding voor Daniël in die Ou Testament onbekend was (100) – maar dis m.i. 'n ope vraag – daar vorm die opstanding in die Nuwe Testament 'n "wesentlike deel" van die Christelike geloof (99).

Jesus as Here word in hoofstuk 7 teen die Hellenistiese en Ou-Testamentiese agtergronde bespreek. Christus "word" skynbaar na sy opstanding Here (120). As Here kan Christus ook by elke Nagmaal "op die een of ander manier" sélf teenwoordig wees (124). Die Nagmaal vir kleingroepe word beaam, aangesien dit die styl van die Nuwe-Testamentiese Nagmaalvierings was (126) .

Jesus as Seun van God dui by die Sinoptici op 'n ménslike nasaat van Dawid, maar by Johannes en Paulus veral op 'n Goddelike persoon (132) (hoofstuk 8). König aanvaar die preëksistensie van Christus, wat natuurlik nie heeltemal dieselfde is as die preëksistensie van Jesus nie (138). Die eenheid van die persoon van Christus word beklemtoon, in "lyding en sterwe" (138), hoewel dadelik bygevoeg word dat "God nie

gesterf het nie" (139). Die skrywer is op hierdie punt duideliker as in sy boek *Fokus op die 300 geloofsvrae.*

In hoofstuk 9 word Jesus as Verlosser/Heiland behandel en word daarop gewys dat dit in die Ou Testament en Nuwe Testament om volle aardse heil gaan (153).

Jesus as die Woord is die tema van hoofstuk 10, waar uiteraard aan die Triniteitsleer aandag bestee word. In teenstelling met NGB art. 9 wat sê dat die Drie-eenheid "op baie plekke in die Ou Testament staan", is die outeur van mening dat ons hierdie leer nie in die Ou Testament vind nie (139, 163), maar dat dit 'n afleiding uit die Nuwe-Testamentiese gegewens is. Tereg word daar 'n verband gelê tussen die Woord en wysheid in die Ou Testament. Jesus se manlikheid is nie van bepalende betekenis nie (168-171) – die Bybel gebruik trouens ook talle vroulike beelde oor God (170-171) – en ons moet aanvaar dat die Bybel in hierdie opsig kultuurgekleur is (170). Die nuwe aarde word as eindbestemming van die mens voorgehou (172, 191), maar daar is geen verwysing na 'n nuwe hemel nie.

In die slothoofstuk, hoofstuk 11, word vir oulaas aandag gevra vir die rykdom van gegewens oor Jesus, maar daar word veral gekonsentreer op die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die tradisionele verhoudings word behandel (177-180), soos belofte-vervulling, wet-evangelie, toorn-liefde, maar König kies self vir 'n meer gevarieerde verhouding aangesien daar met die ballingskap 'n groot breuk plaasgevind het (181). So wys hy daarop dat Jesus sekere fasette van die Ou Testament *voortgesit* het (Profeet), ander fasette *vervul* het (Dienaar, Seun van die mens), nog ander weer *verryk* het (Here, Seun van God, Verlosser, Woord) en sommige selfs *geherinterpreteer* het (Hoëpriester, Messias). Christus aanvaar die ballingskapse apokaliptiese sienings van wêreldeinde, opstanding en oordeel (184), maar 'n mens vra jouself die vraag af wáárom Hy dit gedoen het. Die skrywer meen ook dat daar by Johannes en Paulus 'n "radikale herintepretasie" van God (in Christus) plaasgevind het (189).

König het 'n boek gelewer wat ryk is aan inhoud. Ook is dié publikasie weldeurdag, goed gestruktuur en in 'n helder styl geskryf. Hy het nie een van die drie gewone benaderings in die Christologie (twee nature, twee state, drie ampte) as invalshoek gebruik nie, maar 'n veelheid van invalshoeke, wat aan die boek 'n besondere aktualiteit en veelkleurigheid verleen. Afgesien van die een of twee plekke waar die siening van die outeur in spanning is met die Belydenis asook enkele ander plekke waar daar 'n onnoukeurige formulering voorkom, kan die boek met vrug bestudeer en gebruik word.

**SELDERHUIS, H.J.** 2001. **Melanchton: zijn betekenis voor het Protestantisme; Melanchton en de Nederlanden in 16e en 17e eeuw.** Apeldoorn : Theologische Universiteit. 46 p. Prys: onbekend. ISBN 0 86997 950 7.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

Hierdie studie verskyn as deel 41 in die reeks van Apeldoornse Studies. Die bedoeling van die outeur is om te wys op die invloed wat Melanchton op die Nederlandse teologie uitgeoefen het en om verdere studie in hierdie rigting te stimuleer. In die jaar waarop die 500ste verjaarsdag van Melanchton in Duitsland gevier is (1997), is daar in Nederland weinig aandag aan hierdie Reformator bestee.

Selderhuis het sy geskrif in twee dele verdeel. Die eerste handel oor Melanchton se betekenis vir die Protestantisme in die algemeen en die tweede oor sy betekenis en invloed in die Nederlande gedurende die 16de en 17de eeue. Enkele interessante gegewens kom in hierdie navorsing na vore.

Dit is duidelik dat Luther (veertien jaar ouer) ’n groot invloed op Melanchton uitgeoefen het; trouens, Melanchton sê self dat hy van Luther die evangelie geleer het. Maar dis ook waar dat Luther met veel vrug van die uitgebreide Griekse kennis van Melanchton by die vertaling van die Bybel in Duits gebruik gemaak het. Melanchton was immers ’n eminente geleerde wat onder andere ’n Griekse grammatika, ’n Latynse grammatika, ’n leerboek vir retorika, ’n handboek vir teologiese denke, ’n leerboek vir etiek en ’n leerboek vir politikologie saamgestel het. Selderhuis bestee besondere aandag aan Melanchton se invloedryke dogmatiese handboek, die *Loci Communes*. Hy wys daarop dat dit juis Melanchton was wat die *tertius usus* van die Wet, die *usus normativus*, ontwikkel het en dat hierdie *usus* so sy weg in die gereformeerde Protestantisme gevind het (14). Volgens Selderhuis is die *Loci* (eerste uitgawe 1521, derde uitgebreide uitgawe 1543) ook deur Calvyn gebruik by die skryf van sy *Institusie* (16).

Melanchton is ook bekend as opsteller van die bekende “Lutherse” belydenisskrif, die *Confessio Augustana*, waarvan Calvyn gesê het dat dit “niks bevat wat strydig sou wees met ons leer nie” (17). Die Calvynse en Lutherse geloofstradisies staan dus in bepaalde opsigte klaarblyklik veel nader aan mekaar  as wat gewoonlik gedink word.

Selderhuis wys ook op die talle studente (250) wat by Melanchton in Wittenberg gaan studeer het. Klaarblyklik vertoon die Heidelbergse Kategismus ook, via Ursinus, sterk Melanchtoniaanse trekke (31). Ook Voetius, die belangrikste teoloog van die Nadere Reformasie, het met waardering van die werk van Melanchton kennis geneem (40).

Dit is egter ook waar dat Melanchton vanweë sy strewe na versoening en sy gematigde en bemiddelende houding, hom kritiek van alle kante op die hals gehaal het.

In hierdie kort geskrif het Selderhuis die belangstellende leser geprikkel om verder navorsing te doen oor hierdie begaafde teoloog en kerkhervormer, wat eintlik lewenslank in die skadu van Luther geleef en gewerk het. Dat sy bydrae groter was as wat algemeen aanvaar word, is uit hierdie geskrif baie duidelik.

**ANTHONISSEN, C. & OBERHOLZER, P.** 2001. **Gelowig en gay? Riglyne vir ’n sinvolle dialoog met gay lidmate.**
Wellington : Lux Verbi.BM. 222 p. Prys: R 59.95. ISBN 0 86997 995 7.

**Resensent:** *W.C. Vergeer*
(Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos)

*Gelowig en gay?* vorm deel van die debat wat tans in kerke aan die gang is oor ’n Bybelse standpunt oor, en die pastorale hantering van homoseksualisme. Dit is ’n sensitiewe debat wat ook raakvlakke het met ander onderwerpe wat in die brandpunt staan, byvoorbeeld menseregte, diskriminasie, hermeneutiek en die soteriologie.

In die konteks van ander literatuur wat oor jare oor hierdie onderwerp verskyn het (Joubert, D. *et al.* 1980. *Perspektiewe op homoseksualiteit*. Stellenbosch : Boschendal; Jonker, W. & Theron, F. 1989. *Vreemde bevryding*. Kaapstad : Lux Verbi; Cilliers, P. 1997. *’n Kas is vir klere*. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers; Du Plessis, J. 1999. *Oor Gay wees*. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers), verteenwoordig *Gelowig en gay?* (ondanks ’n onskuldige buiteblad) ’n aggressiewe, nie-verskonende benadering. Die doel van die publikasie is duidelik: dit wil hê dat gays as aktiewe lidmate welkom sal wees in alle kerke sonder dat daar vooroordeel, afkeur of teenkanting teen hulle seksuele oriëntasie en leefwyse mag wees (p. 12). Met hierdie vooronderstelling as onverhandelbare vertrekpunt op die tafel, is dit moeilik om te sien hoe die publikasie die belofte

van sy subtitel gestand kan doen: *Riglyne vir 'n sinvolle* ***dialoog*** *met gay lidmate*.

Die publikasie ontaard inderdaad in 'n eensydige monoloog waarin oënskynlik amper enige strategie legitiem is om die verklaarde doel te bereik. Hierdie subtiele opportunisme hinder uiteindelik só dat die leser later moeite het om argumente wat aangebied word, sonder agterdog te lees.

Om maar 'n paar voorbeelde te noem:

- Die publikasie ry op die rug van 'n studie wat die Sinode van die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland in 1995 onderneem het oor *Pastoraat aan die homoseksuele persoon*. By die lees van die agterblad sou 'n onnadenkende koper inderdaad oortuig kon word dat *Gelowig en gay* doodgewoon hierdie studie is en gevolglik eintlik die amptelike standpunt van die NG Kerk weergee. Die boek word immers aangebied as: "… die resultaat van vier jaar se navorsing deur die subkommissie".

  By die lees van die inhoud word egter duidelik dat *Gelowig en gay* 'n spesifieke interpretasie is van die genoemde studie en die NG Kerk se besluite daaroor. Die Sinode se besluit om die studiestuk vir kommentaar na gemeentes deur te stuur en die Sinode se oproep aan gemeentes om erns te maak met die pastorale ondersteuning van homoseksuele persone, word deur die skrywers geïnterpreteer as "'n skuldbelydenis", as 'n konkrete uitreiking na "'n unieke en andersoortige medemens" en as "'n dapper besluit" (p. 8, 9).

  Dat hierdie interpretasie nie deur almal in die NG Kerk gedeel word nie, was al vroeg duidelik uit briefwisseling in die pers. Die skrywers was, nadat die boek reeds voltooi was, genoodsaak om 'n insetsel in die boek in te voeg waarin hulle reageer op die kommentaar en begeleidende brief deur die Moderamen en die Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele Sake. Hierdie kommentaar en brief "weerspreek" volgens hulle "die hele vernuwende gees van die Sinode" (p. 12-14).

- 'n Tweede strategie is die gebruik van persoonlike getuienisse van gays. Die getuienisse is enersyds verhelderend en waarskynlik die winspunt van hierdie publikasie. Dit laat stemme en vertellings hoor wat normaalweg nie gehoor word nie. Hierdie strategie word egter tendensieus aangewend. Gays word as amper sondelose model-Christene geteken. Hulle het uiteindelik net een kernprobleem en

dis ’n kerk en mede-gelowiges wat teen hulle diskrimineer en nie hulle unieke soort mensheid wil aanvaar nie. Hierdie “homofobie” kry op sy beurt weer die skuld vir gay persone se onttrekking in ’n subkultuur waar “seksualiteit vervlugtig tot permissiewe flirtasie” (p. 182-190). In hierdie konteks is die oogmerk van ’n byna “sondelose” voorstelling van gays duidelik: die negatiewe pers en stereotipering van gays as “losbandig” en “sedeloos” moet ten alle koste bestry word. Terselfdertyd wil *Gelowig en gay?* oortuig dat homoseksualiteit nie ’n opstand teen die wette van God, nie ’n siekte en nie ’n afwyking van die natuur is nie, maar ’n (amper superieure) “variant van die natuur” is, wat gevier moet word (p. 29). ’n “Oopheid om van gays te leer” moet by medegelowiges gekweek word (p. 31).

Hierdie tendensieuse aanbieding van gay-getuienisse veroorsaak dat dít wat ’n winspunt van hierdie publikasie sou kon wees, uiteindelik bydra tot die ongeloofwaardigheid daarvan. Miskien is dit te veel verwag om vertellings oor die skielike oorgang van heteroseksualiteit na homoseksualiteit in tronke, of oor aanvanklike gay persone wat weer ’n heteroseksuele leefwyse aangeneem het, in hierdie publikasie te soek. Ter wille van ewewigtigheid sou die bestaan van sulke vertellings ten minste erken moes word.

- Wat egter die meeste pla, is *Gelowig en gay?* se Skrifhantering. ’n Lang inleidende hoofstuk (“Hoe lees ons die Bybel”, 32 p.) wat uitloop op die beskrywing van “’n gereformeerde hermentiek (sic)” skep die verwagting van ernstige en deeglike eksegese van tersaaklike Skrifgedeeltes. Aan hierdie verwagting word helaas nie voldoen nie. In skaars twaalf bladsye word agt Skrifgedeeltes (Gen.1-3; 19:1-26; Lev. 18:22; 20:13; Rig. 19; Rom. 1:26-27; 1 Kor. 6:9-10; 1. Tim 1:10) bloot oorsigtelik behandel en sosio-histories gerelativeer. Uitsprake in die Ou Testament verwys volgens die skrywers nie na homoseksualiteit in die algemeen nie, “maar wel na ’n vorm van gay prostitusie soos dit in die heidentempels van destyds beoefen is” (p. 131).

  Al die Nuwe-Testamentiese gedeeltes word (sonder onderskeid) oor dieselfde kam geskeer. Paulus sou dan, “dit gehad het teen ’n bepaalde vorm van gay gedrag en wel dié wat geassosieer is met heidense afgodsdiens” (p. 137). Hierdie glyspraak (“sweeping statement”) oor drie verskillende Skrifgedeeltes getuig nie van wetenskaplik-verantwoordbare Skrifhantering nie en die konklusies wat bereik word, is ook in die konteks van sosio-historiese eksegese gewoon nie houbaar nie. Ter illustrasie dien die direkte en simplistiese verbandlegging tussen die gay-, slawe-, vroue- en

apartheidsdebatte (p. 46, 71). Waar Paulus byvoorbeeld, wanneer dit oor slawe en vroue gaan, aansluiting vind by die tipiese sosiale praktyke van sy tyd, spreek hy hom (ondanks wydverspreide aanvaarding en verheerliking van homoseksuele praktyke in die Hellenistiese leefwêreld) sterk téén homoseksualisme uit. Die sosio-histories konteks relativeer dus inderdaad nie Paulus se veroordeling van homoseksualisme nie, maar beklemtoon dit eerder!

- As gevolg van bostaande lei ook die mooi sensitiewe pastorale en praktiese riglyne vir gesprekke met gay lidmate (Hoofstuk 7 en 8) skipbreuk. Daar is geen ruimte vir die remediëring van die gay lewenstyl (soos in 1 Korintiërs 6 gesuggereer word) nie. Pastoraat word hierin iets wat gewoon "mense help om sinvol as mens te lewe" (p. 180). Dit wil die pad van heling, begeleiding, troos, versoening en geloofsgroei opgaan (klaarblyklik) sonder dat sake soos seksuele onthouding, die kruisiging van die natuurlike (ou) mens en bevryding van verkeerde praktyke aan die orde kom.

As "riglyn vir 'n sinvolle dialoog", misluk *Gelowig en gay?* dus. 'n Egte dialoog tussen Christene kan alleen dán gevoer word, wanneer die Bybelse vereistes en kenmerke van 'n ware geloof ononderhandelbaar as vertrekpunt dien. Dit impliseer 'n veel ernstiger en meer verantwoorde bestudering van die tersaaklike Skrifgedeeltes. Verder, 'n oorgawe om Christus te volg en die Skrif te gehoorsaam, selfs al pas dit my nie.

Uiteindelik sal so 'n dialoog wil wegbreek van die stereotipering van gays as blote slagoffers wat "deur 'n geskiedenis van voorskriftelikheid" gemarginaliseer is. In die wedersydse erkenning van mekaar se Christenskap lê eerder die duidelike besef dat die navolging van Christus van alle mense offers vra. Hierdie offers sluit vir alle mense die kruisiging van die ou natuur in. Hierin vind die dialoog met gays 'n gemeengrond wat alle hoop bied op 'n helende en Godverheerlikende pastoraat.

*Gelowig en gay?* word nie aanbeveel nie.

**DE VISSER, A.J.** 2001. **Kyrios and Morena. The Lordship of Christ and African township Christianity.** Gezina : De Visser.
253 p. Prys: R 95.00. ISBN 0 620 27607 X.

**Resensent:** *L. Floor*
(Emeritusdosent: Dept. Ou en Nuwe Testament, Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

Die titel van hierdie boek is merkwaardig en tegelyk veelseggend: *Kyrios and Morena*. Merkwaardig, want die proefskrif wat in Engels geskryf is, het in sy titel slegs een Engelse woord: "and". Die eerste woord *Kyrios* is Grieks en die laatse woord *Morena* is Tswana. Dié twee woorde in verskillende tale het dieselfde betekenis: Here. Die titel is dus eenvoudig: Here en Here. Tegelyk is die titel ook veelseggend, want die skrywer het 'n ondersoek ingestel na die mate waarin die koningskap van Christus wat *Kyrios*, dit wil sê Here is, 'n werklikheid is in die lewe en geloof van Christene in die gebied waar die skrywer self as sendeling werksaam is.

Hy het sy ondersoek gedoen onder lidmate van drie verskillende demoninasies: Lutherse, Zionistiese en Pinksterkerke. Die skrywer het sy eie kerk nie in sy ondersoek betrek nie – wat wel besonder insiggewend sou gewees het – maar ek vermoed dat sy teikengebied dan miskien nie groot genoeg of verteenwoordigend genoeg sou wees nie.

Die publikasie is 'n omvangryke werk en bied leesstof wat die leser vasvang. Jy lees dit met stygende verbasing en selfs verwondering. Dikwels skokkende feite, maar ook belangrike insigte asook 'n bemoedigende perspektief aan die einde word in dié boek geopenbaar.

Die skrywer het sy ondersoek baie deeglik beplan. Eers het hy veldwerk gedoen. Hy noem dit 'n ondersoek van kwantitatiewe aard (*survey research*). Daarna as tweede fase volg 'n kwalitatiewe ondersoek gegrond op onderhoude, en die analise van preke en dokumente.

Die invloed van die tradisionele Afrika-religie en die invloed van Westerse sekularisme op die drie verskillende religieuse groepe word in besonderhede geteken. Aan die einde bied die skrywer 'n perspektief op aspekte wat in ag geneem moet word om die koningskap van Christus in die lewe en geloof van Christene te versterk.

Dr. De Visser lei ons met hierdie publikasie in in die denke en lewe van swart Christene wat nog grotendeels vasgevang is in die duister mag van die Afrikagodsdiens. Voorvaderverering (p. 255-256) en toorkrag (p. 207-208) oefen 'n magtige invloed uit en is bykans onuitwisbaar. Die skrywer toon aan dat sondebesef by swart Christene byna heeltemal

ontbreek. Sonde word beskou as slegs anti-sosiale gedrag (p. 204). Ook is hul Godskennis dikwels verwronge (p. 219).

De Visser pleit self vir ’n verandering van die grammatikale reëls in Sotho/Tswana sodat helderheid oor die persoon van die Heilige Gees verkry kan word (p. 238).

By swart Christene is die Godsbesef vaag en Christus het amper geen plek in hulle belewing van godsdiens nie. Christus se koningskap speel eintlik geen rol nie (p. 269-274).

By die lees van dié publikasie kom ’n mens onder andere ook onder die indruk van die volgende:

- Hoe ver verwyder die Lutherse kerke van die leer van die groot Hervormer is. Maar hieraan is ook die Westerse kerke skuldig. Die invloed van Paul Tillich is naamlik duidelik aanwysbaar in die swart Lutherse kerke (p. 221-222).
- Ook die invloede van verstedeliking en sekukarisme op swart Christene (p. 213-218) word deur die skrywer aangetoon.
- Die skrywer gee nie alleen ’n skerp analise van swak sondebesef en geringe geloof in die koningskap van Christus in die verskillende swart kerke nie; hy bied ook ’n helder Bybelse perspektief. Hy plaas die koningskap van Christus in die wyer perspektief van die verbond waarby die verbondsverhouding en verbondsbelewing met God en Christus Jesus teologies belig word. Die werk van die Heilige Gees kom hierby ook ter sprake (p. 279-279).

Wat my betref is hierdie publikasie ook ’n handboek, ’n missiologiese handboek. Elkeen wat geroep is om as sendeling onder die swart volke in hierdie land te gaan werk, is eintlik verplig om van hierdie studie kennis te neem, want die agtergrondskennis oor die denke en lewe van die swart mens en oor hulle verwagtingspatroon wat in hierdie boek gebied word, is onmisbaar vir elke sendeling.

Die voordeel dat dié boek in Engels geskryf is (en wat die styl betref, gemaklik lees), is dat ook oor die grense van ons land heen na so ’n handboek gegryp sal kan word.

**PIETERSE, H.J.C.** 2001. **Prediking in ’n konteks van armoede.**
Pretoria : Unisa Uitgewers. 135 p. Prys: R 55.01. ISBN 1 868887 174 1.

**Resensent:** *C.J.H. Venter*
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

Die titel van hierdie wetenskaplike werk gee presies weer wat in die inhoud van die boek na vore kom. Prediking – spesifiek in ’n situasie van armoede – het voorheen nie so skerp in Suid-Afrika na vore gekom soos tans nie, waarskynlik omdat ’n soort algemene beskouing geheers het van: die armes daar en ons hier. Veral die afgelope tien jaar het die hele saak van armoede in hierdie land in ’n ander fokus gekom. Arm mense is nou tussen ons en kom klop aan ons deure vir hulp.

Geen predikant wat sy sout werd is, mag in sy prediking aan hierdie dringende vraagstuk wil ontkom deur net te bly fokus op die “sielelewe” in sy prediking nie. Dit is nou juis hier waar die boek van Pieterse sy plek vind. Hoe moet predikers na arm mense kyk en hulle behoeftes in hulle prediking verdiskonteer?

Die aktuele werk van Pieterse word op ’n wetenskaplike en Prakties-Teologiese wyse aangepak en aangebied. Juis die wetenskaplike aanpak maak hierdie werk geloofwaardig. Wat gesê word, word gesubstansieer.

Vanuit ’n inleidende hoofstuk waarin die skrywer sy vertrekpunte vir die Praktiese Teologie uitspel en beredeneer, naamlik as kommunikatiewe handelingswetenskap, bied hy in hoofstuk 2 ’n profiel van armoede in Suid-Afrika, waarin hy onder andere ook fokus op die oorsake en pogings om armoede te hanteer. Hoofstuk 3 beredeneer aspekte van die vertolking van die boodskap van die Bybel in ’n konteks van armoede, terwyl hoofstuk 4 eintlik praktykteoretiese perspektiewe bied op prediking en diakonale gemeenskapsontwikkeling.

Ons het hier te doen met die werk van ’n deurwinterde praktiese teoloog wat worstel om die Woord in die werklikheid van armoede persoon- en situasiegerig te bedien. Tog word die neerslag van dié ondersoek en nadenke op ’n verstaanbare en baie konkrete wyse weergegee. Daarby moet ook gevoeg word dat hy nie huiwer om die probleme van vandag aan te pak en daaroor leiding aan predikers te gee nie.

Ek beveel graag hierdie boek aan vir predikers wat die lig van die Woord wil laat val op ’n ingrypende probleem in die Suid-Afrikaanse samelewing van vandag.